

LOONONDERHANDELINGE DISPUUT STEEDS ONOPGELOS

PRETORIA, Woensdag 27 Maart 2019 - SARS het die afgelope naweek bevestig dat hulle 'n dooie punt bereik het in onderhandelinge met die erkende vakbonde, PSA en Nehawu, oor salarisverhogings en verbeteringe in diensvoorwaardes en voordele vir werknemers in die bedingseenheid.

Hierdie dooie punt volg na maande se onderhandelinge wat in November 2018 begin het.

Georganiseerde arbeid het in Februarie 2019 'n dispuut by die CCMA aanhangig gemaak, maar ten spyte van die dispuut het partye steeds voortgegaan met onderhandelinge in 'n poging om die dooie punt op te los.

Van die 26 aanvanklike eise wat deur georganiseerde arbeid ter tafel gelê is, kon partye deur hul onderhandelinge op meeste daarvan 'n vorm van konsensus bereik, met slegs vier sleutel aangeleenthede wat steeds in dispuut is.

SARS het ontvangs erken van die CCMA-sertifikaat van nie-oplossing, uitgereik op 19 Maart 2019, tesame met die reëls van staking en dat beide PSA en Nehawu 'n amptelike kennisgewing van hulle voorneme om met industriële aksie te begin môre, Donderdag 28 Maart 2019, aan SARS oorhandig het.

Die dooie punt wat by die CCMA bereik was, was met SARS se aanbod van 7% verhoging wat CPI plus 2.9% is, gebaseer op die gepubliseerde Februarie inflasiekoers van 4.1%. SARS het hierdie aanbod as redelik en regverdig beskou aangesien dit baie meer is as verhogings van openbare instansies en meeste ander industrië.

SARS kan slegs binne sy finansiële bekostigbaarheid beding, wat beïnvloed word deur faktore soos, onder andere, die ekonomiese groei, resulterende inkomste-invordering en SARS se verminderde finansiële toelaag-allokering deur Nasionale Tesourie.

Die besonderhede van die SARS finansiële posisie vir die 2019/20 finansiële jaar, tot op algemene joernaal vlak, is nie net aan georganiseerde arbeid blootgelê in 'n spesiale gesamentlike finansies taakspan nie, maar georganiseerde arbeid is ook die geleentheid gegee om insae te lewer tot die begrotingsoorwegings vir die volgende drie jaar, insluitend areas waar kostebesparing verder verskerp kan word.

SARS moes reeds begrotingbesnoeiings en kostebesparings in plek stel met betrekking tot reisuittgawes en geen voorsiening is gemaak vir bonusse en eksterne studiebeurse nie as gevolg van huidige begrotingstekorte.

SARS het aan georganiseerde arbeid verduidelik dat dit 'n groter verantwoordelikheid het as om slegs die huidige salarisverhogings te oorweeg. Dit moet ook die organisasie se finansiële welstand vir die volgende drie jaar in ag neem, veral met die swak ekonomiese toestande in gedagte en SARS se huidige en geprojekteerde begrotingstekorte.

Enige verhoging wat bo bekostigbaarheid is, sal dus 'n rimpelleffek op SARS se kapasiteit en vermoë hê om voortdurend optimaal te funksioneer in die jare vorentoe.

SARS, wie se werk ieder en elke Suid-Afrikaner aanraak, is 'n lewensnoodsaaklike instansie vir hierdie land. Belastings wat nie ingevorder word nie het 'n nypende impak op die land se vermoë om kritiese dienste te lewer, waar die meeste ingevorde belastings aan onderrig, gesondheidsdienste, maatskaplike beskerming en ander openbare dienste bestee word. SARS en sy werknemers is trots op die rol wat SARS in ons demokratiese bedeling speel.

SARS SE AANBOD AAN GEORGANISEERDE ARBEID

SARS, wat daartoe toegewyd is om seker te maak dat alle pogings aangewend word om die dooie punt op te los en om enige nadelige impak, op die land se inkomste wat SARS aan die fiskus moet lewer, te vermy het op Maandag, 25 Maar 2019 tot laat aand met georganiseerde arbeid vergader.

Gedurende hierdie sessie, het SARS 'n gedifferensieerde salarisverhogingmodel vir werknemers in die bedingingseenheid ter tafel gelê wat gebaseer is op die beginsels van die aanspreek van salarisonreëlmatighede en die verkleining van die algroeiende salarisgapings wat deur algemene salarisverhogings veroorsaak word. Hierdie model kan lei tot top-presterende SARS-werknemers, wat op laer vlakke betaal word, wat verhogings van tot 9.2% (CPI plus 5.1%) ontvang. In hierdie model sal geen werknemer 'n verhoging van minder as 5.2% (CPI plus 1.1%) ontvang nie.

Hierdie aanbod was ongelukkig steeds deur georganiseerde arbeid van die hand gewys en hulle het aangedring op 'n algemene verhoging van 11.4%.

Besprekings het gister, Dinsdag 26 Maart 2019, tot laat voortgeduur op senior bestuursvlak tussen SARS en die vakbondleiers. Gesprekke was gesentreer rondom die CCMA bemiddelaar se voorstel op 8 Maart 2019 van 'n 8% verhoging as moontlike skikking tot die dispuut. Die CCMA bemiddelaar se voorstel het die volgende behels:

- 8% algemene verhoging oor 'n enkeltermyn
- inwerkingstelling van voorgeboortelike verlof
- langdienstoekennings moet verhoog met dieselfde persentasie as die salarisverhoging
- *status quo* bly onveranderd met betrekking tot verlofvoordele
- inwerkingstelling van 'n twee jaar siklus vir gesinsverantwoordelikhedsverlof

SARS, met al sy finansiële beperkinge ingedagte, het 'n aanbod om op 8% te skik ter tafel gelê, op voorwaarde dat dit 'n veelvoudige termynooreenkoms moet wees vir inwerkingstelling op 1 April 2019. Hierdie aanbod om te skik het 'n ooreenkoms ingesluit vir 'n 8% verhoging in jaar een, in lyn met die CCMA voorstel, met CPI plus 1% verhogings vir jaar twee en drie van die ooreenkoms.

Daarby, om SARS se toegewydheid te wys, het die skikkingsaanbod ook ingesluit die instemming tot voorgeboortelike verlof, verhoging in langdienstoekennings en die *status quo* met betrekking tot ander verlofeise. Die gesinsverantwoordelikhedsverlof-eis sal dan beraadslaag word op 'n taakspanvlak tesame met ander aangeleenthede wat na die taakspan verwys is.

Die enigste oorblywende verskilpunt tussen SARS en georganiseerde arbeid is die ooreenkomstermyn.

Terwyl georganiseerde arbeid nie te vinde was vir 'n veelvoudige termynooreenkoms nie, het SARS dit duidelik gestel dat, vir die organisasie om besteding aan te pas om 'n 8% verhoging moontlik te maak, 'n veelvoudige

termynoreenkoms noodsaaklik sou wees om 'n vlak van finansiële sekerheid vir die organisasie te kan skep gebaseer op die fiskale raamwerk van die mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTEF), asook die tyd wat nodig sal wees om besparings te kan skep wat benodig sou wees om die 8% verhoging te kan bekostig.

Verder sal 'n veelvoudige termynoreenkoms sorg vir stabiele werkgewer/werknemer verhoudinge oor die tydperk wat SARS sal toelaat om te fokus op sleutel verbeteringe om die organisasie vorentoe te neem.

Georganiseerde arbeid het ongelukkig SARS se skikkingsaanbod van die hand gewys sonder om 'n werkbare alternatiewe teenaanbod te maak.

Siende dat dit 'n skikkingsaanbod was, het georganiseerde arbeid se van die hand wysing van van 'n veelvoudige termynoreenkoms, SARS met geen keuse gelos as om terug te keer na sy vorige posisie van 7% algemene verhoging oor 'n enkeltermyn nie, gebaseer op bekostigbaarheid en om nie die volhoudbaarheid van die organisasie se bedrywighede in gedrang te bring oor die volgende drie jaar nie. Hoewel, indien georganiseerde arbeid hulle lede beraadslaag en hulle aanvaar die aanbod van 'n algemene 8% verhoging, en CPI plus 1% in die daaropvolgende jare, sal die dispuut opgelos wees.

SARS VRA VIR CCMA INGRYPING

Hoewel SARS die reg van werkers om te staak erken, is dit ewe bewus van die staat se verpligting om seker te maak dat daar genoegsame hulpbronne is om landsburgers met toegang tot gesondheidsdienste, genoeg kos en water, maatskaplike ondersteuning, behuising en basiese onderrig te voorsien.

Dit is daarom in die belang van die publiek dat hierdie dispuut opgelos word gegewe SARS se kritiese rol in inkomste-invordering. SARS het daarom gister aansoek gedoen by die CCMA vir ingryping ingevolge artikel 150A van die Arbeidswet vir die direkteur van die CCMA om in te gryp in 'n poging om die dispuut te bemiddel.

VOLHOUDE DIENS AAN BELASTINGPLIGTIGES

SARS het alles in sy vermoë en bekostigbaarheidsvlak gedoen om die dispuut op te los en staakaksie vry te spring. Maar met georganiseerde arbeid wat SARS se finale skikkingsaanbod van die hand gewys het, kan SARS nie verhoed dat 'n staking wel kan voortgaan op Donderdag, 28 Maart 2019 nie.

Beide SARS-bestuur en -werknemers is bewus dat ons op 'n kritieke tydstip in ons inkomste-invordering is en wil die Suid-Afrikaanse publiek verseker dat ons stelsels en prosesse in plek is met menige toegewyde SARS-werknemers beskikbaar om na belastingpligtiges se behoeftes om te sien.

SARS het proaktief die nodige gebeurtelikhedsmaatreëls in plek gestel en het sedertdien sodanige planne geaktiveer in 'n poging om minimale ontwigting aan belastingpligtigedienste by SARS-takke en plekke van binnekoms te hê sou PSA en Nehawu voortgaan met hulle industriële aksie.

SARS doen 'n beroep op die publiek se begrip aangesien sekere verdragings te verwagte kan wees, en ons stel voor dat belastingpligtiges van aanlyndienste gebruik maak waar moontlik. Hoewel SARS hoopvol is dat die CCMA ingryping sal help om die dispuut op te los.